



## ONS TESTAMENT VAN VOORSPOED

7 November 2012, Ps Stephen Smith

**Soteria beteken:** *Deliverance, preservation, safety, salvation, wholeness and completeness.*

- *Deliverance from the molestation of enemies*
- *In an ethical sense, that which concludes to the souls safety or salvation*
- *Of Messianic salvation*
- *Salvation as the present possession of all true Christians*
- *Future salvation, the sum of benefits and blessings which the Christians, redeemed from all earthly ills, will enjoy after the visible return of Christ from heaven in the consummated and eternal kingdom of God.*

**2 Korinthiërs 8:1-9 / Galásiërs 3:13, 14, 27-29**

**[Christ, the Messiah] is therefore the Negotiator and Mediator of an [entirely] new agreement (testament), so that those who are called and offered it may receive the fulfillment of the promised everlasting inheritance – since a death has taken place which rescues and delivers and redeems them from the transgressions committed under the [old] first agreement. For where there is a [last] will and testament involved, the death of the one who made it must be established. For a will and testament is valid and takes effect only at death, since it has no force or legal power as long as the one who made it is alive.**

**Hebrews 9:15-17 (Amplified)**

Ons het dus nou 'n Testament en nie meer 'n verbond of kontrak nie. Wie ontvang hierdie Testament? Die wat Jesus Christus aangeneem het as hul persoonlike Saligmaker en Heer! Dit is alleenlik 'n erfgenaam wat kan deel hê aan die seën wat in die Testament is.

**Romeine 8:16-17**

**In 1 Korinthiërs 11:25 sê Jesus, Hierdie beker is die Nuwe Testament in my bloed.**

Hy sê niks aangaande verbond, die wet of werke nie. Hy het vir ons 'n Testament nagelaat en ons is dus nou mede-erfgename met Christus. Wat beteken dit? Dit beteken dat alles wat God is; alles wat Hy het en alles wat Hy kan doen, is ook ons s'n. Ons hoef nie daarvoor te werk nie, ons hoef nie die wet te onderhou om dit te kry nie, **ons moet net glo!**

**Romeine 4:2-5; Romeine 6:3-5; 8-9**

Adam het gesondig as gevolg van sy ongehoorsaamheid en sodoende het sonde in hierdie wêreld ingekom en die dood het begin heers.

Jesus het gekom en was aan God tot die dood toe gehoorsaam. Deur Sy dood het Hy die volmaakte offer geword en die prys betaal asook die heerlikheid wat ons verloor het teruggeëis en sodoende lewe en geregtigheid herstel (**Joh. 3:16**).

**Want aangesien die dood deur 'n mens is, is die opstanding van die dode ook deur 'n mens. Want soos hulle almal in Adam sterwe, so sal hulle ook almal in Christus lewend gemaak word.**

**1 Korinthiërs 15:21-22**

Jesus, die Seun van God het gesterf sodat ons ook nou die seuns van God kan wees. **Dit is alles deur genade en word ontvang deur geloof!**

**Die uitruiling**

**Romeine 5:6, 8-11**

**Kolossense 1:21** beskryf dit baie duidelik; **Ook julle wat vroeër vervreemd was en vyandig gesind deur die bose werke, het Hy nou versoen.**

Die **Boodskap Vertaling** stel dit as volg: *Julle was nie God se vriende nie; intendeel, julle was sy vyande.*

God het hierdie probleem opgelos deur vrede te maak deur die bloed van Sy kruis.

*Hy het daarvoor gesorg dat alles in die skepping weer in die regte verhouding met Hom gestel word. Hy is mos die doel waarom alles geskep is. Dit het Hy gedoen deur die onderlinge verhoudings in die skepping weer reg te stel, of dit nou op die aarde of in die hemel is. Dit het nie sommer so gebeur nie. Dit was duur. Dit het Hom Sy bloed gekos wat aan die kruis geloop het.*

**Kolossense 1:20 (Boodskap)**

*Hy het ons versoen in die liggaam van sy vlees deur die dood, om ons heilig en SONDER GEBREK en onberispelik voor Hom te stel.*

**Kolossense 1:22**

Sy uiteindelijke doel was dat ons Sy liefde, lewe (zoë) en aanvaarding kan ervaar! Daardeur kon ons 'n sinvolle verhouding met Hom hê.

Versoen het verskeie betekenisse. Een van hulle is “uitruiling”. Toe ons nog vyande vir God was, is ons deur die kruis verruil.

*The thief comes only in order to steal and kill and destroy. I came that they may HAVE and ENJOY life, and have it in ABUNDANCE (to the full, till it overflows). [Superior quality, super abundant quantity!]*

**John 10:10 (Amplified)**

Deur die hele Bybel sien ons dat God Sy oorspronklike plan wou herstel. Waar God iemand sien wat in Hom glo en Sy verordeninge onderhou, het Hy met hulle 'n verbond gesluit sodat Hy hulle met Sy goedheid kon seën.

Die voorwaardes van die wet het geleentheid gegee vir die vloek, maar ook dieselfde geleentheid vir God se seën en beloftes (**Deut. 28**). Die wet was gevul met wonderlike beloftes van genesing, welvaart, gesondheid, sukses, vrede en blydschap.

Volgens **Romeine 8:3** was die swakheid van die wet, die vlees. Omdat die vlees swak was, het die mens homself gedurig in 'n posisie van vloeke bevind. Omdat die vlees so swak was, het die mens homself selde in 'n posisie van seën bevind. Die hele wet was gebaseer op die mens se *performance*. Die Nuwe Verbond – of Testament is aan die anderkant gebaseer op een man se optrede, Jesus Christus.

**Romeine 5:11** sê, ...*deur wie ons NOU die versoening gekry het.*

Die woord “versoening” soos dit in die Ou Testament gebruik word, word nie in die Nuwe Testament gevind nie.

Versoening beteken “bedekking” in die Hebreeus. Al die Ou Testament-gelowiges het deur die bloed van diere 'n BEDEKKING vir hulle sondes ontvang.

**Filippense 2:6-8**

Ons het nie 'n bedekking in Jesus nie, ons het 'n uitruiling! 'n Uitruiling wat my sonde weggeneem het en my Jesus Christus se geregtigheid gegee het. My sonde is nie bedek nie, my sonde bestaan nie meer nie!

**Uitruiling van armoede vir welvaart:**

*Want julle ken die genade van onse Here Jesus Christus, dat HY, alhoewel Hy ryk was, ter wille van julle arm geword het, sodat julle deur sy armoede ryk kan word.*

**2 Korinthiërs 8:9**

**Uitruiling van krankheid vir heelheid:**

*Hy het ons krankhede op Hom geneem en ons siektes gedra.*

**Matthéüs 8:17**

## **ZOë: Kwaliteit en Kwantiteit Lewe**

Die kwaliteit lewe wat ons in Jesus het is "zoë". **Hierdie is 'n kwaliteit lewe wat gegee word deur die Een wat dit besit.**

**Die erfenis wat Jesus verdien het, is die erfenis wat ons deur geloof en genade ontvang!**

*Thanking the Father who makes us strong enough to take part in everything bright and beautiful that he has for us.*

*God rescued us from dead-end alleys and dark dungeons. He's set us up in the kingdom of the Son he loves so much, the Son who got us out of the pit we were in, got rid of the sins we were doomed to keep repeating.*

*We look at this Son and see the God who cannot be seen. We look at this Son and see God's original purpose in everything created.*

*For everything, absolutely everything, above and below, visible and invisible, rank after rank after rank of angels-everything got started in him and finds its purpose in him.*

**Colossians 1:12-16 (Message)**

Deur hierdie uitruiling het ons Sy geregtigheid ontvang. Hierdie geregtigheid kwalifiseer ons nou om al die beloftes van God vir ons te ontvang.

My geloof is in Jesus se prestasie. Dit gaan ook nie oor GENOEG geloof nie, maar geloof IN CHRISTUS - in wat Hy vir ons gedoen het.

***Want hoeveel beloftes van God daar ook mag wees, in Hom is hulle ja en in Hom amen, tot heerlikheid van God deur ons.***

**2 Korinthiërs 1:20**

Omdat ons vry is van geregtigheid deur werke, kan ek in Jesus rus.

Wanneer ons werke doen, is dit nie meer 'n erfenis nie. **Romeine 4:4 sê; *Maar aan hom wat werk, word die loon nie na guns toegereken nie, maar na verdienste.***

Die lewe wat ons nou leef is die uitruilingslewe. Jesus het verdien wat ons nou ontvang. Ek ontvang my erfenis wat Jesus verdien het. Hy het vir my sonde geword, ek is gemaak om Sy geregtigheid te wees. Hy het die boete ontvang wat my sonde verdien het, ek ontvang die seën wat Sy geregtigheid verdien het. Omdat Hy verwerp is, is ek aanvaar.

Daar is geen perke aan God se seën nie. God begeer dat ons hierdie Testament sal ontvang. Hoe Here? **Glo net!**

***Want Ek weet watter gedagtes Ek aangaande julle koester, spreek die Here, gedagtes van vrede en nie van onheil nie, om julle 'n HOOPVOLLE TOEKOMS te gee.***

**Jeremia 29:11**

### **Drie sleutels aangaande voorspoed!**

**1. Jou geloof moet gevestig en afwagting wees vir wat die Vader gaan doen.**

***En laat ons nie moeg word om goed te doen nie, want op die regte tyd sal ons maai as ons nie verslap nie.***

**Galasiërs 6:9**

***Doen wat God sê. Daar wag 'n groot verrassing op jou as jy maar net daarna sit en luister en niks daaraan doen nie. Jy mag dalk dink jy is mooi godsdienstig, maar eintlik is jy besig om jousef lelik te kul.***

**Jakobus 1:22 (Boodskap)**

**2. Lê die oorlewings mentaliteit af en neem 'n oorwinnings mentaliteit aan.**

As jy 'n oorlewings mentaliteit het is jy soos die man wat sy talent (geld) in die grond begrawe het en nie daarmee gewoeker het nie. God sê dat ons moet altyd toeneem, oorvloediger wees met alles wat Hy ons gee. Die beginsel is altyd dieselfde; wat Hy ookal aan ons toevertrou, ons moet dit gebruik tot 'n oorvloediger lewe.

**3. God moet meer word, en ons minder: (Joh. 3:30)**

Wanneer God dit bewerkstellig is dit die Heilige Gees wat die oorvloed en toename bring. Ons sekuriteit moet in God wees en nie in materialistiese dinge, sekuriteit of posisie nie.

*Maar dink aan die Here jou God, dat dit Hy is wat jou DIE KRAG GEE om rykdom te verwerwe, dat Hy sy verbond kan bevestig*

**Deuteronomium 8:18**